

## Ontmoet REISA se nuwe gemeenskapskakeelbeampte

Ons is verheug om bekend te maak dat Nomfundo Mpompo as die nuwe REISA gemeenskapskakeelbeampte (GSB) aangestel is. Sy is 'n belangrike skakel tussen die sonkragprojek en die omliggende begunstigde gemeenskappe.

Sy sluit vanaf die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling by REISA aan en bring 'n magdom ervaring in gemeenskapsontwikkeling saam.

"Ek het 'n sterk passie vir gemeenskapsontwikkeling en glo dat ek 'n bate vir die Gamagara-gemeenskappe sal wees met die ervaring wat ek oor die jare heen opgedoen het. Ek is baie opgewonde oor die nuwe geleentheid wat oor my pad gekom het, aangesien ek aan nuwe uitdagings en geleenthede blootgestel sal word." **Nomfundo Mpompo.**



**From Left:** Mr. Abel Booysen, Disaster Management unit Officer Hnr Cllr. Edwin Hantise, Mayor of Gamagara Local Municipality Nomfundo Mpompo, REISA CLO Mr. George Loeto, Acting Director of Community Services Department Mrs. Dineo Seetile, Disaster Management Unit Manager

## Gamagara- rampbestuursintervensie

REISA het 50 komberse en 50 basiese noodhulpstelle aan die Rampbestuursseenheid by die Gamagara Plaaslike Munisipaliteit oorhandig. Dit is 'n praktiewe inisiatief vir maontlike rampe in die Gamagara-gemeenskappe, aangesien ons bewus is dat daar in die winterseisoen waarskynlik huise sal afbrand. Ons beoog om die Rampbestuursseenheid op 'n jaarlikse grondslag verder te ondersteun.

"Die Gamagara Plaaslike Munisipaliteit waardeur julle skenking van rampbestuursverligtingsitems geweldig. Ons glo dat rampbestuur almal se besigheid moet wees. Ons bedank julle dat julle span in so 'n gedagte glo." - **Mev. Dineo Seetile, Bestuurder: Rampbestuursseenheid.**

Suid-Afrikaanse COVID-19 Hulpbronportaal: [www.sacoronavirus.co.za](http://www.sacoronavirus.co.za)

## Ubuntu-skoleprogram: Skoolleierskap-spanbou

Die Ubuntu-skoleprojek het as deel van die skoolbestuurspanne onderwysers en hoofde by 'n leierskap- en spanbousessie by Duin in die Weg-gastehuis (Upington) (ligging) gehuisves. Die doel van die program was om die werksverhouding in hierdie leierskapspanne te verbeter. Aktiwiteite het groepaktiwiteite ingesluit waar die maatskaplike werkers kommunikasie, tipes leierskapstyle, delegering van take, ens. waargeneem het.



"Ek waardeer die wonderlike werk wat julle vir ons skole doen. Ek hoop julle verstaan die impak wat julle hulp in al ons gemeenskappe het. Dankie!" **Onderwyser van Deben Laerskool.**

## Jeugvaardigheidsontwikkeling



Die jeugvaardigheidsontwikkelingsprogram is tans in sy tweede fase. Vyf-en-twintig jongmense neem aan 'n ses maande lange opleidingsprogram deel. Tot dusver het die deelnemers drie modules voltooi, wat insluit Sosiale Vaardighede, Werksvaardighede en Gemeenskapsjeug.

Die uitkoms van die program is om toetredende tot die arbeidsmark te ondersteun en entrepreneurs se drome te bewaarheid.


"Ek is so dankbaar oor hierdie Micro-Genesis-program. Dit het vir my nuttige inligting verskaf deur my vaardighede te ontwikkel en verryk, en ek kon myself beter leer ken. Baie dankie." - **Lesego Olyn, 'n begunstigde van die program.**

## 2022 Gemeenskaps-vergaderings

Besonderhede oor die volgende gemeenskapsvergadering sal op REISA se aanlynplatforms deurgegee word. Weens die landwyse staat van inperking sal geen vergaderings van aangesig tot aangesig kan plaasvind nie.

## Uiteensetting van kwartaalike besteding op ekonomiese ontwikkeling (K2 2022)

- Ondernemingsontwikkeling
- Onderwys
- Jeugvaardigheidsontwikkeling
- Welsyn



## Kontak Ons

Dynlog Bestuursontwikkeling Gebou  
Blok B, Grondvloer, Kantoor 1  
Kameeldoring Besigheidsone, Kathu, 8446

**Kantoorure:**  
Maandag – Donderdag: 08:00 – 16:30  
Vrydag: 08:00 – 15:00  
Kantoor | 053 723 1146

**Gemeenskapskakeelbeampie**  
Nomfundo Mpompo  
Office | 053 723 1146  
Nomfundo.mpompo@eimsafrica.com